



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **TOERISME**

**GRAAD 12**

**HERSIENINGSVRAE**

**TERM 3**

## **ONDERWERP: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-  
vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 32 bladsye.

## ONDERWERP: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

NOV 2014 NSS  
VRAAG 8

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CTi Koeriers – Gebruik ons as jou afleweringdiens.**  
*Ons lewer betyds af, enige plek in die wêreld.*

**CTi is 'n tipiese voorbeeld van 'n ondersteunende diens in toerisme wat hoofsaaklik die VBKU\*/VUSG\*\* (Engels: MICE\*/MESE\*\*) -sektor bedien.**

\*VBKU: Vergaderings, Belonings, Konferensies, Uitstallings Gebeurtenisse  
\*\*VUSG: Vergaderings, Uitstallings, Spesiale Gebeurtenisse

\*MICE: Meetings, Incentives, Conferences, Exhibitions \*\*MESE: Meetings, Exhibitions, Special Events

**Laat die planeet 'n beter plek vir die nageslag agter**

CTi is toegewy aan korporatiewe maatskaplike belegging (KMB/'CSI') en glo dat, as 'n wêreldorganisasie, daar drie hoofareas is wat ons help om ons doelwit te bereik, om te verseker dat ons die planeet 'n beter plek vir die nageslag agterlaat.

Ons KMB-strategieë is: *Lewer beter lewens*, *CTi-dinkgroen*, *Vervoer jou besigheid*

[Aangepas uit [www.go2uti.com](http://www.go2uti.com)]

8.1 Wat verstaan jy onder *KMB* ('*CSI*')? (2)

8.2 8.2.1 Identifiseer CTi se strategie met betrekking tot omgewingsbewustheid. (2)

8.2.2 Verduidelik EEN manier waarop CTi voordeel kan trek deur 'n omgewingstrategie deel van sy *KMB* ('*CSI*') te maak. (2)

8.3 As gevolg van die aard van CTi se besigheidsbedrywighede het hulle 'n verantwoordelikheid om hul koolstofvoetspoor te verminder.

Stel DRIE punte voor wat in CTi se omgewingsbeleidstuk oor padvervoer ingesluit kan word. (6)

8.4 Identifiseer die volhoubaretoerisme-pilaar in die diagram hierbo waarna 'Lewer beter lewens' verwys. (2)


**NOV 2015 NSS  
VRAAG 8**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ENTERPRISE HOLDINGS – DIE BESIGHEID VAN VOLHOUBAARHEID**

Enterprise Holdings is 'n motorverhuuringsmaatskappy wat die driedubbele-slotreël onderskryf.

'By Enterprise Holdings, wat 55 jaar gelede gestig is, het ons nog altyd ons besigheid op 'n volhoubare en verantwoordelike manier bedryf en ons sal voortgaan om dit te doen. Hierdie reis het ons na 'n gefokusde en gestruktureerde benadering tot volhoubare besigheidspraktyke gelei. Ons neem dit op onself om beter vir die dele van die wêreld waarmee ons besigheid in aanraking kom, te sorg.'




**Andrew C Taylor:** Voorsitter en hoof uitvoerende beamppte, Enterprise Holdings


---

**DIE BESIGHEID VAN VOLHOUBAARHEID**  
'n Blik op Enterprise Holdings se doelwitte en vordering

**'n Blik op Doelwitte en Vordering**

 **↓10%**  
**2015**


**Verklein koolstofvoetspoor**  
Verminder Omvang 1- en Omvang 2-vrystellings met 10% teen 2015.

 **2015**


**Alternatiewebrandstof-voertuie**  
Skakel alle lughawebusse in die vloot om na biodiesel teen 2015.

**Korporatiewe maatskaplike belegging**  
88% van die skenkings deur die Enterprise Holdings Stigting gaan aan liefdadigheidsorganisasies wat deur werknemers geïdentifiseer is.

**0 0 5 0 0**



**Alternatiewebrandstof-voertuie (LEAF-voertuie)**  
500 Nissan LEAF-voertuie by die Enterprise Holdings-vloot ingesluit.



**88%**  
van skenkings gaan aan liefdadigheidsorganisasies wat deur werknemers geïdentifiseer is

57% skenkings vir gesondheids- en menalikeidisdienste  
14% onderwys  
6% kunste  
5% ander versoeke  
4% omgewing

[Aangepas uit [www.enterprise.com](http://www.enterprise.com)]

8.1 Een van Enterprise Holdings se strategieë is om hulle koolstofvoetspoor met 10% te verklein.

Verduidelik die begrip *verklein hulle koolstofvoetspoor*. (2)

8.2 8.2.1 Behalwe om hulle koolstofvoetspoor te verklein, identifiseer EEN ander strategie wat die maatskappy gebruik om die omgewing te bewaar. (2)

8.2.2 Gee EEN voorbeeld om te verduidelik hoe die maatskappy daarin slaag om die strategie wat in VRAAG 8.2.1 geïdentifiseer is, uit te voer. (2)

- 8.3 As deel van hulle korporatiewe maatskaplike belegging (KMB), belê Enterprise Holdings in maatskaplike opheffing en die omgewing.
- 8.3.1 Verduidelik Enterprise Holding se unieke skenkingsbeleid. (2)
- 8.3.2 Gee EEN voorbeeld van hoe Enterprise Holdings die maatskaplike pilaar van die driedubbele-slotreël in hulle skenkingsbeleid insluit. (2)
- 8.4 Bereken die persentasie van Enterprise Holdings se skenkings wat vir maatskaplike opheffing gaan. (2)

**NOV 2016 NSS  
VRAAG 8**

- 8.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die daaropvolgende vrae.

<p><b>VOLHOUBARE TOERISTE-AKKOMMODASIE</b></p> <p><b>DIE STARLIGHT HOTELS-GROEP</b></p> <p>Die volhoubaarheid van hulle hotelle is vir die Starlight Hotels-groep baie belangrik.</p> <p>Hulle verseker volhoubare praktyke deur koste te verlaag, meer energie-doeltreffend te wees en minder te vermors.</p> <p>Toeriste kan die 'geen-skoonmaak groen opsie' kies wanneer hulle akkommodasie by die hotel bespreek. Die 'geen-skoonmaak groen opsie' beteken dat die hotelkamer gedurende die gas se verblyf vir drie agtereenvolgende dae nie skoongemaak of gediens sal word nie.</p>	
--	---

- 8.1.1 Identifiseer EEN manier in die inligting hierbo waarop die Starlight Hotels-groep ELK van die volgende pilare van die driedubbele slotreël toepas:
- (a) Omgewingspilaar (2)
  - (b) Ekonomiese pilaar (2)
- 8.1.2 Die drie 'R'e' ('reduce, re-use, recycle'/verminder, hergebruik, herwin) is volhoubare praktyke wat deur die Starlight Hotels-groep geïmplementeer word.
- Verduidelik VIER maniere waarop die Starlight Hotels-groep sy koolstofspoor deur die 'geen-skoonmaak groen opsie' verklein. (8)
- 8.1.3 Sou jy die 'geen-skoonmaak groen opsie' kies as jy by een van die hotelle van die Starlight Hotels-groep tuisgaan? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)
- 8.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Individue wat omgewingsvriendelike gedrag tuis en in hulle alledaagse lewe toon, sal waarskynlik op dieselfde manier optree wanneer hulle met vakansie is.

- 8.2.1 Stem jy met die stelling hierbo saam? Motiveer jou antwoord. (2)
- 8.2.2 Gee TWEE voorbeelde van omgewingsvriendelike gedrag deur toeriste wat 'n ekologies-sensitiewe gebied besoek. (4)

**NOV 2017 NSS  
VRAAG 8**

8.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERENIGDE NASIES VERKLAAR 2017 AS DIE  
INTERNASIONALE JAAR VAN VOLHOUBARE TOERISME VIR ONTWIKKELING**

2017 is om die volgende redes as die Internasionale Jaar van Volhoubare Toerisme vir Ontwikkeling verklaar:

- Dit is 'n geleentheid om te kyk hoe die toerismebedryf deur klimaatsverandering beïnvloed word.
- Om te bepaal hoe die kweekhuysgasvrystellings deur die toerismebedryf beperk kan word.
- Om maniere te vind waarop die toerismebedryf by stygende wêreldtemperatuur kan aanpas.
- As een van die wêreld se grootste werkverskaffingsektore verskaf die toerismebedryf belangrike inkomstegeleenthede, verminder armoede en moedig ontwikkeling aan.

Die toerismebedryf maak op die klimaat staat. Uiterste weerstoestande, soos storms, hittegolwe, droogtes, varswaterverlies en stygende seevlakke, is 'n bedreiging vir kusoorde. Verlaagde sneeuval het 'n negatiewe invloed op ski-oorde.

Die Verenigde Nasies Wêreldtoerisme-organisasie (UNWTO) beraam dat die toerismebedryf vir ongeveer 5% van die wêreld se CO<sub>2</sub>-vrystellings verantwoordelik is. Toeriste en toerismebesighede word aangemoedig om hulle koolstofvoetspoor te verklein.

<b>DIE TOERISMEBEDRYF SE BYDRAE TOT CO<sub>2</sub>-VRYSTELLINGS</b>	
<b>AKKOMMODASIESEKTOR</b>	<b>VERVOERSEKTOR</b>
20% van die vrystellings kom van verhitte lug, lugversorging en die instandhouding van kroeë, restaurante en swembaddens.	75% van die vrystellings kom van lug-, motor- en spoorvervoer. 'n Gedeelte van die vrystellings kan voorkom word deur die mees volhoubare vervoermiddel te kies.
	<small>[Aangepas uit <a href="http://www2.unwto.org">www2.unwto.org</a>]</small>

- 8.1.1 Gee TWEE voorbeelde van klimaatsverandering waarna in die artikel hierbo verwys word. (2)
- 8.1.2 Stel EEN manier voor waarop klimaatsverandering 'n invloed op die Switserse Alpe as 'n toeristebestemming kan hê. (2)
- 8.1.3 Verwys na die artikel hierbo en verduidelik hoe die toerismebedryf beide voordelig en skadelik vir die omgewing kan wees. (2 x 2) (4)

8.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bestemmings kan 'n rol speel om die Internasionale Jaar van Volhoubare Ontwikkeling te ondersteun.

8.2.1 Verduidelik, in 'n paragraaf, hoe toerismebestemmings die driedubbele-slotreëlbenadering kan gebruik met betrekking tot:

- Vervoer
- Opvoeding/Onderwys
- Werkskepping

(6)

8.2.2 Noem TWEE maniere waarop hotelgaste 'n rol kan speel in die verantwoordelike gebruik van hulpbronne terwyl hulle by 'n hotel tuisgaan.

(4)

8.3 'n Suksesvolle B&O (Bed en Ontbyt) is een kilometer vanaf 'n skool geleë wat Toerisme as vak aanbied.

Stel TWEE maniere voor waarop die eienaar van die B&O die Toerisme-leerders kan ondersteun deur die beginsel van KMB te beoefen.

(4)

**NOV 2018 NSS  
VRAAG 8**

8.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<p><b>BASOTHO KULTUURDORPIE – ONS ERFENIS</b></p>  <p><i>raak liggies aan Afrika</i></p> <p>Om 'n verantwoordelike reisiger te wees, verg meer as net woorde en bedoelings. Dit behels dat 'n etiese kode gevolg word en dat jy jou deel doen om 'n volhoubare en sorgsame benadering tot reis te skeep.</p> <p><b>Bowendien, verdien jou kinders nie ook om hierdie kontinent te sien soos jy dit vandag sien nie?</b></p>
--

8.1.1 Verduidelik wat met 'n *etiese kode* vir verantwoordelike optrede deur toeriste bedoel word. (2)

8.1.2 Verduidelik die betekenis van 'verdien jou kinders nie ook om hierdie kontinent te sien soos jy dit vandag sien nie?'. (2)

8.1.3 Internasionale besoekers aan Suid-Afrika wil die Afrika-leefstyl en geskiedenis ervaar.

Beveel DRIE maniere aan waarop hulle verantwoordelik kan optree tydens hulle besoek aan die Basotho-kultuurdorpie. (6)

8.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


<p><b>VERANDER LEWENS – MET SEEP</b></p>	
<p>Die Wildernes-avontuurkamp in Namibië bied opvoedkundige berading en finansiële ondersteuning aan 'n gemeenskapsprojek in Katutura, wat deur ses MIV-positiewe vrouens bestuur word. Die projek behels die vervaardiging van seep met 'n olyfoliebasis.</p> <p>Die kamp koop die seep by die gemeenskapsprojek vir hulle gaste. 'n Deel van die geld wat uit die verkope ontvang word, word in die seepvervaardigingsprojek teruggeploeg.</p> <p>Die vrouens woon die beradingsessies wat die Wildernes-avontuurkamp aanbied, by. Hierdie sessies fokus op gesondheids-ondersteuning aan die gebied se MIV-positiewe vroue en hulle kinders.</p>	 <p style="text-align: right;">[Bron: <a href="http://www.wildernessadventures.com">www.wildernessadventures.com</a>]</p>



- 8.2.1 (a) Identifiseer die TWEE pilare van volhoubare toerismepraktyke wat duidelik in hierdie uittreksel na vore kom. (2)
- (b) Pas elke pilaar van volhoubare toerisme wat in VRAAG 8.2.1(a) geïdentifiseer is, by EEN voorbeeld in die uittreksel. (2)
- 8.2.2 Bespreek TWEE maniere waarop die ondersteuning wat die Wildernes-avontuurkamp bied, die lewens van die MIV-positiewe vrouens in die Katutura-gemeenskap ten goede verander. (4)

**NOV 2019 NSS  
VRAAG 8**

Bestudeer die inligtingsgrafika 'Toekenning vir Nul % Afval' hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 8.1 Noem EEN verandering in hulle omgewingsbeleid wat daartoe gelei het dat die Wild Coast Sun in 2019 'n toekenning ontvang het. (2)
- 8.2 Bespreek EEN ekonomiese voordeel van die Vuka Uzenzele Projek vir die
- 8.2.1 Wild Coast Sun-oord (2)
- 8.2.2 Gemeenskap rondom die Wild Coast Sun (2)
- 8.3 Identifiseer EEN niefinansiële korporatiewe maatskaplike beleggings(KMB)-inisiatief van die oord in die inligtingsgrafika. (2)
- 8.4 Die Vuka Uzenzele Projek voldoen aan die kriteria van volhoubaarheid volgens een van die beginsels van FTT.
- Bespreek DRIE maniere waarop hulle projek 'Vanaf afvalkos na organiese groentetuine na die restaurant' die beginsel van volhoubaarheid aanpak. (6)

FEB-MAART 2015 NSS  
VRAAG 8

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### HIDROBREKING

(Hidrouliese breking)

*Dit is die metode wat deur gas- en oliemaatskappye gebruik word om natuurlike gas diep onder die oppervlak van die aarde te ontgin. Hulle pomp miljoene liter water en baie skadelike chemikalieë diep in die aarde in om ontploffings te veroorsaak. Die skalierots breek dan uitmekaar en die gas word vrygestel.*

[Aangepas uit [www.treehugger.com](http://www.treehugger.com)]

Hou op om met ons water te foeter!

**Het jy geweet?**  
SKALIErots bevat natuurlike gas diep onder die oppervlak van die aarde.

**Hidrobreking in die Karoo sal 'n ernstige bedreiging vir die omgewing inhou – WESSA**

Volgens die Suid-Afrikaanse regering kan hidrobreking binnekort 'n werklikheid in Suid-Afrika word.


Die regering het 'n groot oliemaatskappy toestemming gegee om met hidrobreking in die Karoo te begin. Die regering het die publiek egter gepaai deur te sê dat hulle sal voortgaan om die omgewing en waterbronne te beskerm.

Rolspelers in die toerismebedryf en omgewingsbewustes waarsku dat dit verreikende gevolge vir toerisme kan inhou.

Wessa-bewaringsdirekteur, Garth Barnes, het gesê: 'Enige besoedeling of degradering in die Karoo kan rampspoedige ekologiese, maatskaplike en ekonomiese gevolge inhou.'

[Aangepas uit [www.tourismupdate.co.za](http://www.tourismupdate.co.za)]

8.1 Bestudeer die hidrobreking bewustheidsplakkaat hieronder.



Interpreteer die voorstelling en die boodskap oor hidrobreking wat op die plakkaat hierbo uitgebeeld word. (4)

8.2 Bestudeer die diagram van die hidrobrekiingsproses op die vorige bladsy.

Identifiseer die mees rampspoedige invloed wat hidrobreking op gastehuisse en hotelle in die omgewing gaan hê. (2)

8.3 Hidrobreking ondersteun NIE die drie pilare van volhoubare toerisme NIE.

Verduidelik EEN manier waarop hidrobreking in die Karoo 'n negatiewe invloed op elk van die volgende pilare sal hê:

8.3.1 Maatskaplik (2)

8.3.2 Omgewing (2)

8.3.3 Ekonomies (2)

8.4 Volgens die regering sal hidrobreking positiewe gevolge hê.

Noem die voordeel van hidrobreking wat die algemeenste geglo word. (2)

8.5 Noem TWEE maniere waarop plaaslike gemeenskappe en toeriste hulle ontevredenheid met die beplande hidrobrekiingsaktiwiteite in die gebied kan wys. (4)

FEB-MAART 2016 NSS  
VRAAG 8

8.1 Die plakkaat hieronder is by die ingang van 'n gorillareservaat opgesit. Bestudeer die plakkaat en beantwoord die vrae wat volg.



## GORILLA-REËLS

DIS VIR JOU EN ONS VEILIGHEID

**VOORDAT JY BEGIN**

HOES EN NIES VERSPREI SIEKTES EN KAN GORILLAS DOODMAAK. INDIEN JY VERKOUE, GRIEP OF ENIGE ANDER AANSTEEKLIKE SIEKTES HET, MOENIE GORILLAS BESOEK NIE. STEL JOU TOERISTEGIDS IN KENNIS VAN JOU SIEKTE.



**WANNEER JY IN DIE PARK IS**



MOENIE ALLEEN RONDLOOP NIE, NEEM ALTYD N GIDS SAAM EN LUISTER NA HOM/HAAR!



**WWF**

UGANDA WILDLIFE AUTHORITY



**WANNEER JY GORILLAS BESOEK...**

HOU N VEILIGE AFSTAND



**GEEN ROOK**



**GEEN EET OF DRINK NIE**





Slegs 1 uur



**GEEN SELFONE**      BESOEKE WORD BEPERK TOT EEN UUR PER GORILLA GROEP PER DAG

MOENIE ROMMEL STROOI NIE - NEEM DIT SAAM HUIS TOE



EN ASSEBLIEF, MOENIE ENIGE PLANTE PLUK OF WILDLEWE OF PLANTE VERWYDER NIE.



- DANKIE!



[Aangepas uit www.uwa.org]

8.1.1 Gee EEN rede waarom die internasionale gorillabewaringsprogram dit nodig geag het om hierdie plakkaat te ontwerp en aan toeriste wat die park besoek, te vertoon.

(2)

- 8.1.2 Verwys na die plakkaat en identifiseer EEN omgewingskwessie wat vir die bestuur van die park 'n bron van kommer is. (2)
- 8.1.3 Gee EEN rede waarom toeriste nie hulle kameras se flitse moet gebruik wanneer hulle foto's van die gorillas neem nie. (2)
- 8.1.4 Verduidelik EEN rede waarom toeristegroepe 'n tydsbeperking het om saam met die gorillas deur te bring. (2)
- 8.1.5 Gee EEN manier hoe die bestuur van die park kan optree teen toeriste wat nie die gorilla-reëls op die plakkaat nakom nie. (2)
- 8.2 Die park beoefen twee van die pilare van die driedubbele-slotreël, naamlik die omgewings- en die ekonomiese pilaar.
- Noem TWEE maniere waarop die park ook die sosiale pilaar by hulle volhoubare toerismepraktyke kan insluit. (4)

**FEB-MAART 2017 NSS  
VRAAG 8**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERANTWOORDELIKE GEDRAG DEUR TOERISTE**



**KAN LUGVERVOER AS VOLHOUBAAR BESKOU WORD?**

Die lugvaartbedryf het 'n groot invloed op klimaatsverandering. Lugvervoer word beskou as die hoof faktor wat tot aardverwarming in die toerismebedryf bydra. Dit is verantwoordelik vir bykans 40% van die totale koolstofvrystellings wat deur die toerismebedryf veroorsaak word.

Die lugvaartbedryf het nog nie genoeg gedoen om hulle koolstofvrystellings te verminder nie.

[Aangepas uit *Climate Change and Tourism: Responding to World Challenges*, UNEP en 'UNWTO', 2007]


8.1 Verduidelik wat *omgewingsvolhoubaarheid in die lugvaartbedryf* vir jou beteken. (2)

8.2 Die invloed van lugvervoer op klimaatsverandering word tans onder nasionale of internasionale wette nie genoegsaam beheer nie. Daarom is dit belangrik dat individue en besighede die invloed van hulle lugvervoer op die omgewing verklein.

Noem TWEE maniere waarop toeriste hulle koolstofvoetspoor kan verklein wanneer hulle lugvervoer gebruik. (4)



8.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit [www.faa.gov/lughawens](http://www.faa.gov/lughawens)]

Verwys na die driedubbele slotreël en gee TWEE voorbeelde ELK van hoe ACSA lughawens ten opsigte van die volgende volhoubaar hou:

- 8.3.1 Die gemeenskap waarin dit besigheid doen (4)
- 8.3.2 Die invloed op die omgewing (4)

**FEB-MAART 2018 NSS  
VRAAG 8**

Bestudeer die inligting hieronder en antwoord die vrae wat volg.

**MAAKJY REGTIG 'N VERSKIL?  
DIE STORIE VAN DIE BLOEDLEEUUS**

Hierdie artikel is gebaseer op 'n dokumentêre program oor Bloedleeus wat op televisie uitgesaai is. Dit ondersoek die leeujaagbedryf en gee ontstellende waarhede wat daartoe aanleiding gegee het dat Billike Handeltoerisme (FTT) hulle standpunt oor wildewetoevlugsoorde (plekke van veiligheid) hersien het.



Die bemerkingsbestuurder van Billike Handeltoerisme verduidelik dat die dokumentêre program die volgende aan die lig gebring het:

- Leeuwelpies word na geboorte van hulle moeders geskei en na sogenoemde 'leeutoevlugsoorde' gestuur. Dit skep 'n wanindruk dat die welpies deur hulle moeders verwerp is, en dat hulle in die wildernis hervestig gaan word – iets wat baie selde gebeur.
- Die toeriste word baie geraak deur die verwerpte leeuwelpies en hulle is gretig om hulle dollars te gee om die welpies te vertroetel, terwyl hulle onder die indruk verkeer dat hulle help om na die welpies om te sien.
- Wanneer die leeuwelpies 4 jaar oud is, word hulle na 'n jagplaas geneem, waar nog internasionale jagters gretig is om dollars te betaal om hierdie leeus te jag.
- Die hartseer storie eindig nie daar nie, die leeus se karkasse (dooie leeus) word dan vir R20 000 tot R30 000 aan die Verre Ooste vir medisinale doeleindes verkoop.

Volgens Billike Handeltoerisme, mag geen organisasie wat deur FTT gesertifiseer wil word, vanaf 1 Junie 2016 fisiese interaksie tussen toeriste en diere in aanhouding toelaat nie.



[Aangepas uit *Sawubona*-tydskrif, September 2016]

8.1 Verduidelik die teenstellings (teenoorgestelde standpunte) wat in die dokumentêre program oor toevlugsoorde vir leeus uitgelig word.

(2)

8.2

Die beginsels van FTT:

- Etiese besigheidspraktyke
- Respek vir menseregte, kultuur en omgewing
- Billike lone en werksomstandighede
- Billike verspreiding van voordele
- Billike werksaamhede, aankope (koop by plaaslike verskaffers) ingesluit
- Volhoubare praktyke

Lees die beginsels van FTT hierbo.

Identifiseer die TWEE beginsels van FTT wat NIE deur hierdie toevlugsoorde vir lees toegepas word NIE. (2)

8.3 Bespreek hoe ELK van die TWEE beginsels wat in VRAAG 8.2 geïdentifiseer is, in konflik is met die praktyke wat in die dokumentêre program oopgeplek is. (4)

8.4 Bespreek die hoofmotivering vir die misbruik van hierdie lees volgens die dokumentêre program. (2)

8.5 Stel EEN manier voor waarop FTT probeer het om hierdie uitbuiting (misbruik) reg te stel om verantwoordelik en volhoubare toerisme te bevorder. (2)

8.6 Verduidelik TWEE negatiewe uitwerkings wat hierdie dokumentêre program op ekotoeriste kan hê wat 'n egte (ware) Suid-Afrikaanse wildlewe-ervaring in Suid-Afrika wil hê. (4)

**MEI-JUNIE 2018 NSS  
VRAAG 8**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<p><b>DIE 'SWOP SHOP' – HELP KINDERS OMGEE</b></p> <p>Toeriste wat Gansbaai vir haaihoekduik besoek, word aangemoedig om die Gansbaai 'White Shark Swop Shop' te besoek.</p> <p>Die Swop Shop is al sedert November 2007 in bedryf en bevorder ontwikkeling binne die plaaslike gemeenskap.</p> <p>Die kinders van Masekhane maak bottels, blikke, plastiek- en ander herwinbare materiaal bymekaar in sakke wat by die Swop Shop afgelewer word. In ruil daarvoor, verdien hulle kooppunte wat hulle in die winkel kan spandeer. Die winkel hou voorraad aan soos skryfbehoeftes, basiese kosvoorraad en klere.</p> <p>Die organiseerders van die projek glo dat die items wat bymekaargemaak word in ruil vir iets in die winkel, die plaaslike kinders waardevolle lewenslesse leer, soos:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Handelsvaardighede</li> <li>• Die belangrikheid van herwinning</li> <li>• Trots te wees op die netheid van hulle omgewing</li> <li>• Om keuses te maak oor wat om in die winkel te koop</li> <li>• Om hulle kooppunte te bestuur en om vir groter items in die winkel te spaar</li> </ul> <p>Die White Shark Swop Shop-KMB('CSI')-inisiatief kombineer bewaring, maatskaplike verbetering en opvoeding op 'n unieke manier.</p> <p style="text-align: right;">[Aangepas uit <a href="http://www.whitesharkproject.co.za">www.whitesharkproject.co.za</a>]</p>
--

8.1 8.1.1 Uit die uittreksel hierbo is dit duidelik dat die primêre fokus van die White Shark-projek die omgewings- en maatskaplike pilaar van volhoubare toerisme is.

Identifiseer EEN voorbeeld hoe die ekonomiese pilaar by die Swop Shop toegepas word. (2)

8.1.2 Verduidelik DRIE maniere, uit 'n ekonomiese perspektief, waarop die White Shark Swop Shop- projekorganiseerders die kinders van Masekhane bemagtig om in selfonderhoudende individue te ontwikkel. (6)

8.2 Lees die slagspreuk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<p><b>VERANTWOORDELIKE REIS: PLAAS TERUG IN REIS WAT JY DAARUIT KRY</b></p>
---

Stel TWEE maniere voor waarop toeriste kan 'terugplaas in reis wat hulle daaruit kry', deur:

8.2.1 Die plaaslike gemeenskap te ondersteun (4)

8.2.2 Die omgewing te bewaar (4)

**MEI-JUNIE 2019 NSS  
VRAAG 8**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUN MOUNTAIN LODGE – DIE SUKSESVERHAAL**

Die Sun Mountain Lodge is oortuig daarvan dat hulle op die regte pad is om verantwoordelik, volhoubaar en verantwoordbaar te wees. Die Sun Mountain Lodge is naby die Batlokoa-gemeenskap op die grens tussen die Vrystaat en KwaZulu-Natal geleë.

Van die hotel se belangrikste inisiatiewe om die pilare van volhoubaarheid te inkorporeer, sluit in:

- Die interne koerant wat aan gaste gegee word, word op herwinde papier gedruk.
- Inligting oor die algemene bedrywighede van die lodge word op inligtingsborde, eerder as in inligtingsboekies, geplaas om die gebruik van papier te beperk.
- Gebruikte kookolie word aan 'n plaaslike boer (wat hulle groenteverskaffer is) geskenk wat biodiesel maak om die afleweringswaens aan die gang hou.
- Plaaslike kunshandwerkers word die geleentheid gebied om 'n ekstra inkomste te verdien deur die binneversiering van die Sun Mountain Lodge oor te doen.

Die Sun Mountain Lodge is besig om aansoek te doen vir hulle Fair Trade Tourism-akkreditasie.

[Aangepas uit [www.traveller24news.com](http://www.traveller24news.com)]

- 8.1 Verwys na die uittreksel en identifiseer EEN voorbeeld van hoe die Sun Mountain Lodge effektiewe afvalbestuur toepas deur die volgende:
- 8.1.1 Vermindering (2)
  - 8.1.2 Herwinning (2)
  - 8.1.3 Hergebruik (2)
- 8.2 Toerismebesighede moet vennootskappe met die gemeenskap aangaan waarin hulle besigheid doen.
- Verduidelik EEN manier waarop die Sun Mountain Lodge die plaaslike gemeenskap by hulle besighedsbedrywighede betrek. (2)

**SEPT 2014 EC**  
**VRAAG 8**

8.1 Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**DORPENAARS SE DROME VERWESENLIK MET PLANNE  
 VIR “GROEN” HOTEL**

Konstruksiewerk aan 'n luukse R50-miljoen hotel by 'n Wildekus-riviermonding, wat geheel en al volgens groenbeginsels bedryf sal word, sal aan die einde van hierdie maand begin. Die 100-kamer Nkanya Lodge sal in die dorp Qatywa op die Nkanya-rivier geleë wees. Volgens die Oos-Kaapse Ontwikkelingskorporasie (ECDC)-projekbestuurder, Phakamisa George, is die idee vir die hotel naby die rivier en see afkomstig van vier Nkanya-dorpsbewoners wat die ECDC 'n paar jaar gelede om finansiële steun genader het.

Ellaine Gogo, dogter van een van die inwoners, wat ongelukkig oorlede is voordat hy kon sien hoe sy droom van 'n hotel langs die Nkanya-riviermonding bewaarheid word, het gesê dat sy baie opgewonde is dat die hotel wat haar pa gevisualiseer het toe hy die grond in 1985 gekoop het, besig is om 'n werklikheid te word. Gogo het haar pa gehelp om die ECDC vir befondsing te nader, maar hy het gesterf, voordat sy droom verwesenlik kon word. Befondsing vir die hotel sal van die Nasionale Bemagtigingsfonds (NEF) en die Industriële Ontwikkelingskorporasie (IDC) kom.

George het gesê dat die hotel se krag deur vier windturbines en sonpanele opgewek sal word en gebruikte water hergebruik sal word en daar sal ook 'n eko-vriendelike rioolstelsel wees.

Gogo het gesê haar pa sou opgewonde gewees het oor die plaaslike bevolking, wat sy beskryf as “die armstes van die armes”, wat voordeel sal trek in die vorm van werksgeleenthede en opheffing van die gemeenskap en dat hul lewenslange droom van 'n “groen hotel” vervul sal word.

(Vrylik vertaal in Afrikaans)

[Bron: [www.weekendpost.co.za](http://www.weekendpost.co.za)]

- 8.1.1 Indien die Nkanya Lodge as 'n volhoubare toeristebestemming gesien sou word, moet dit aan die driedubbele slotreël voldoen.  
 Noem die DRIE pilare van volhoubare-toerisme en voorsien by elk 'n voorbeeld vanuit die koerantberig. (6)
- 8.1.2 (a) Identifiseer EEN van die rolspelers wat by die Nkanya Lodge ontwikkeling betrokke is. (1)
- (b) Noem die verantwoordelikheid van hierdie rolspeler. (1)
- 8.1.3 Met die voltooiing van Nkanya Lodge sal dit as 'n omgewingsbewuste bestemming bekend staan.  
 Stel TWEE tipes verantwoordelike toeriste-optredes voor wat van besoekers by die Nkanya Lodge verwag sal word. (2)
- 8.1.4 Die koerantberig verwys na “groen”-hotel en “groen”-beginsels.  
 Verduidelik die betekenis van die woord “groen” soos gebruik in hierdie konteks. (2)

8.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SANParke LOODS GEMEENSAP BEGUNSTIGDE PROJEK**



MPUMALANGA – Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) het op 25 Oktober, amptelik sy eerste nalatenskap, Korporatiewe Maatskaplike Belegging (CSI)-projek in Cork Village in Mpumalanga, op die grens van die Kruger Nasionale Park (KNP) geloods.

Die bekendstelling is deel van SANParke se sosiale ekologieprogram – dit is begin om die bestuur van beskernde gebiede in die rigting van 'n geïntegreerde benadering te verander.

SANParke se uitvoerende hoof, Dr David Mabunda het by die sooïlegging vir 'n administratiewe blok by Hoërskool Dumisani in Cork Village 'n toespraak gelewer. Die skool, geleë op die grens van die KNP, is die eerste begunstigde van die SANParke CSI-projek. David sê die nuwe benadering verseker dat die stigting wedersydse voordelige vennootskappe tussen plaaslike inwoners en hul naburige nasionale parke bevorder.


Volgens David is 'n toegewyde gemeenskapheffing (1% Gemeenskapheffing op alle besprekings, ingestel in 2011) om SANParke se tasbare voordeel aan gemeenskappe wat langs nasionale parke woon, ingestel om die verbetering van hul lewensomstandighede te verseker. SANParke sal hulpbronne belê in die vestiging van nalatenskapsprojekte in gemeenskappe, veral in landelike gebiede.

"Dit sal ondersteuning soos voorsiening van infrastruktuur en verwante hulpbronne op die gebiede van onderwys, jeugontwikkeling, gesondheids- en ander gebiede soos geïdentifiseer deur belanghebbendes insluit."

[Bron: <http://sanpark.co.za>]

- 8.2.1 Verduidelik wat jy onder die term *Korporatiewe Maatskaplike Belegging (CSI)* verstaan. (2)
- 8.2.2 Stel voor hoe die bou van 'n administratiewe blok tot voordeel van Hoërskool Dumisani kan wees. (2)
- 8.2.3 Bespreek TWEE voordele wat hierdie skenking vir SANParke in the Cork Village gemeenskap inhou. (2)

8.3 Bestudeer die diagram en foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



8.3.1 Die diagram hierbo toon die pilare van Regverdige Handel in Toerisme (Fair Trade in Tourism South Africa) (FTTSA).

Onderskei tussen die onderstaande pilare:

(a) Deursigtigheid (2)

(b) Respek (2)

8.3.2 Identifiseer die pilaar wat deur die foto van die kinders hierbo, weerspieël word. (1)

8.3.3 Gee EEN voordeel vir 'n besigheid indien dit FTTSA geakkrediteerd is. (2)



SEPT 2015 EC  
VRAAG 8

Bestudeer die agterblad artikel van *Tsogo Times* en beantwoord die vrae wat volg.

<h1>THE TSOGO TIMES</h1>	
<a href="http://www.tsogocun.com">www.tsogocun.com</a>	SOUTHERN AFRICA'S PREMIER GAMING, HOTEL AND ENTERTAINMENT GROUP NEWSPAPER
<h2>SUNcares INISIATIEF VAN STAPEL GESTUUR</h2>	
<h3>Korporatiewe maatskaplike belegging</h3> <p><i>Tsogo Sun</i> het hom verbind om sy hulpbronne, ondervinding en geografiese voetspoor binne die dobbel, gasvryheid- en vermaaklikheidsbedryf te gebruik om 'n platform vir projekte wat blywende resultate sal oplewer, te skep. Om maatskaplike projekte wat blywende verandering in Suid-Afrika sal bewerkstellig, het <i>Tsogo Sun</i> die SUNcares inisiatief geloods. SUNcares neem leiding in verandering t.o.v. sport, uitvoerende kunste, gasvryheid opleiding en die bewaring van die omgewing. SUNcares skep sosiale verandering in gemeenskappe deur die volgende Akademies en Programme:</p> <h3>SUNcares Sport Akademie</h3> <p>Die SUNcares Sport-Akademie is aktief besig om te verseker dat skoolgaande kinders in landelike gebiede rondom <i>Tsogo Sun</i> se casino's die geleentheid om aan buitemuurse sport deel te neem gebied word terwyl hulle in verskeie lewensvaardigheidsprogramme opgevoed word. <i>Tsogo Sun</i> het 'n vennootskap met die Dept. van Onderwys, SAFA, Lions Rugbyklub, Dolfyne Krieket, plaaslike sake-ondernemings en gemeenskappe om die SUNcares Sport-Akademie te stig. Tot dusver het die SUNcares Sport Akademie meer as 1 300 kinders wat in sokker-, rugby- en swemprogramme ingeskryf is.</p>	<h3>SUNcares Uitvoerende Kunste-Akademie</h3> <p><i>Tsogo Sun</i> is 'n groot rolspeler in die herlewing van die Kunsteater in Suid-Afrika omrede die meer as R250 miljoen belegging in die teaterinfrastruktuur by Monte-Casino en Gold Reef City. Die SUNcares Uitvoerende Kunste-Akademie is geskep om skoolgaande kinders in die landelike omgewingskole met buitemuurse aktiwiteite wat die uitvoerende kunste bevorder, aan te moedig.</p> <p>Deur die beleggings is dit moontlik gemaak om teaterproduksies na Suid-Afrika te bring en so het <i>Tsogo Sun</i> tot werkskepping in die Uitvoerende Kunstebedryf bygedra.</p> <h3>SUNcares Omgewingsprogram</h3> <p>Deur middel van sy SUNcares Omgewingsprogram, verseker <i>Tsogo Sun</i> dat die welstand van ons planeet en gemeenskappe ondersteun word. <i>Tsogo Sun</i> het meetbare resultate met betrekking tot watergebruikvermindering, vermindering in energieverbruik, verbeterde herwinning van afval en gemeenskap vergroening en volhoubaarheid bereik.</p>
	

8.1 SUNcares is die middel waardeur *Tsogo Sun* sy korporatiewe maatskaplike beleggingsprogram (KMB) implementeer.

8.1.1 Verduidelik wat met die begrip *korporatiewe maatskaplike belegging (KMB)* bedoel word. (2)

8.1.2 Identifiseer die DRIE komponente van die KMB-program en verduidelik hoe elk van hierdie komponente deur *Tsogo Sun* ondersteun word ten einde hul KMB-verpligtinge na te kom. (3 x 2) (6)

8.1.3 Evalueer die voordeel wat die KMB-programme, soos tevore genoem, vir *Tsogo Sun* kan inhou. (2 x 1) (2)

8.2 *Tsogo Sun* pas 'n volhoubare besigheidsbenadering toe.

Bespreek hierdie stelling deur te verwys na die DRIE pilare van volhoubare toerisme en aan te toon hoe *Tsogo Sun* aan elk van hierdie pilare voldoen. (3 x 2) (6)

8.3 Stel TWEE maniere voor hoe *Tsogo Sun* omgewingsbewuste toeriste na sy onderneming kan lok. (2 x 2) (4)

**SEPT 2016 EC**  
**VRAAG 8**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

	
<p><i>Marine Dynamics</i> is 'n Haaihokduik-maatskappy in Kleinbaai, 'n klein hawedorp wat deel is van Gansbaai in die Weskaap. Hierdie gebied is bekend vir Witdoodshaai besigtigings en is een van die beste plekke in die wêreld om hierdie diere te sien en met hulle te duik. Sustermaatskappy, <i>Dyer Island Cruises</i> is 'n boot gebaseerde Eko-Marine Toerisme maatskappy wat aan besoekers 'n onvergeetlike ervaring bied om die Marine Groot Vyf - walvisse, dolfyne, robbe, pikkewyne en haaie, asook baie ander skaars voëlsoorte wat naby aan die kuslyn bly te besigtig.</p> <p><i>Marine Dynamics Tours</i> en <i>Dyer Island Cruises</i> beoefen verantwoordelike toerisme en is sedert 2008 Regverdige Handel geakkrediteer (<i>Fair Trade certified</i>).</p> <p>Bewaringspogings, wat deur VWSA ondersteun word as deel van hulle korporatiewe maatskaplike beleggingsprogram, sluit in 'n Afrika-Pikkewyn en Seevoëlreservaat, navorsing oor bewaring van die Witdoodshaai en 'n projek waarvan die klem op verwydering van vislyn wat skade aan seediere kan rig, fokus. Die maatskappye dra by tot Omgewingsopvoeding deur Eko Skole te ondersteun. Hulle werk ook nou saam met <i>Dibanisa Football Foundation</i> wat 'n gereelde opvoedingsprogram koördineer vir jeug in die Gansbaaigebied.</p> <p>Die <i>Great White House</i>, 'n gastehuis wat naby die see geleë is, behoort aan beide maatskappye en bied aan toeriste ontspannende verblyf na 'n dag van walvisbesigtiging op die boot en haaihokduik.</p>	

[Verwerk uit: [www.sharkwatchsa.com](http://www.sharkwatchsa.com)]

- 8.1 Gee EEN voorbeeld hoe die twee maatskappye die driedubbele slotreël (*triple bottom line*) in hulle besigheid opgeneem het deur te verwys na die ...
- 8.1.1 maatskaplike pilaar. (2)
- 8.1.2 omgewingspilaar. (2)
- 8.2 Stel EEN manier voor hoe *Marine Dynamics Tours* en *Dyer Island Cruises* 'n bydrae kan lewer tot die ekonomiese pilaar van die driedubbele slotreël. (2)
- 8.3 8.3.1 Verduidelik die begrip “*Regverdige Handel geakkrediteer*”. (2 x 2) (4)
- 8.3.2 Bespreek hoe die Regverdige Handel-akkreditasie van die twee maatskappye kan bydra om omgewingsbewuste toeriste na die Kleinbaai gebied te lok. (2)
- 8.4 8.4.1 Verduidelik die begrip korporatiewe maatskaplike belegging (KMB). (2)
- 8.4.2 Bespreek EEN manier hoe KMB tot voordeel van VWSA kan wees. (2)
- 8.5 Stel TWEE maniere voor hoe die *Great White House* goeie omgewingspraktyke kan beoefen in hulle daaglikse bestuur van die gastehuis. (2 x 2) (4)

**SEPT 2017 EC**  
**VRAAG 8**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Lion Sands*  
SABI SAND

**Lion Sands Privaat Wildreservaat**

Lion Sands, deel van Sabi Sands wat in die Kruger Nasionale Park geleë is, is een van die uitgesoekte, Suid-Afrikaanse safari herberge/"lodges" wat hulself verbind tot die bewaring van Afrika se wildlewe, die omgewing en die ontwikkeling van plaaslike gemeenskappe terwyl hulle terselfdertyd outentieke grootwild safari-ervarings bied. Al hierdie safari herberge/"lodges" word aan die organisasie, Open Africa, gekoppel en moedig besoekers aan om verantwoordelike toerisme te beoefen.

Lion Sands Wildreservaat vorm deel van die grootste bewaringsgebied in Suidelike Afrika. In hierdie gebied is dit noodsaaklik dat die balans tussen die natuur en die gebruik daarvan vir kommersiële doeleindes fyn gemonitor en bestuur word.

Lion Sands Privaat Wildreservaat het 'n verhouding met die plaaslike gemeenskap wat gemik is op wedersydse voordele en sosiale ontwikkeling wat volhoubaar en eko-vriendelik is. Een van die inisiatiewe wat deur Lion Sands befonds word, is die Henna kleuterskool wat in 1991 gestig is met 20 leerders. Hierdie kleuterskool het in die behoefte aan opvoeding en gesonde maaltye vir die kinders voorsien.

Met verdere ondersteuning van Lion Sands het die kleuterskool aansienlik gegroei en huisves nou 250 kinders. Van die hoofprojekte tot dusver was die bou van klaskamers, opknapping van die kombuis en die daarstelling van boorgatwater vir die skool. Lion Sands is ook die gasheer van die jaarlikse gradeplegtigheidseremonie vir die kinders, wat hulle aanmoedig om die belangrikheid van kennis en opvoeding te verstaan.


Lion Sands het saam met die regering en die gemeenskap hande gevat in die stryd teen MIV/Vigs. Die reservaat bied ondersteuning aan sy werknemers asook aan 'n plaaslike tuisversorgingsinisiatief vir mense wat MIV positief is. Gaste by Lion Sands word die opsie gegee om die plaaslike gemeenskap te besoek en word aangemoedig om skenkings tot hierdie verdienstelike saak te maak. Lion Sands is ook betrokke by die jaarlikse aktiwiteite wat op Wêreld Vigs-dag gehou word waarby MIV weeskinders en ander kwesbare kinders van die gemeenskap kospakkies en skool noodsaaklikhede ontvang.

[Verwerk uit: [www.openafrica.org](http://www.openafrica.org)]

- 8.1 Lion Sands Privaatwildreservaat kan as 'n toerismebesigheid, wat die driedubbele-slotreël benadering in sy besigheidspraktyke insluit, beskou word.
- 8.1.1 Bespreek hierdie stelling deur na hulle toewyding tot die omgewings- en sosiale pilare van die driedubbeleslotreëlbenadering te verwys. (2 x 2) (4)
- 8.1.2 Stel EEN manier voor oor die wyse hoe Lion Sands Privaatwildreservaat hulle toewyding tot die ekonomiese pilaar van die driedubbele-slotreël benadering kan toon. (2)
- 8.2 Lys TWEE voorbeelde van verantwoordelike toerismepraktyke wat in 'n gedragskode vir verantwoordelike toeriste tydens hulle besoek aan Lion Sands Privaatwildreservaat ingesluit kan word. (2 x 2) (4)
- 8.3 Stel TWEE strategieë voor wat Lion Sands Privaatwildreservaat kan implementeer om omgewingsbewuste toeriste te lok. (2 x 2) (4)
- 8.4 Lion Sands Privaatwildreservaat het 'n korporatiewe maatskaplike beleggingsprogram.
- 8.4.1 Verduidelik die begrip *korporatiewe maatskaplike belegging*. (2)
- 8.4.2 Beskryf TWEE inisiatiewe waarby Lion Sands Privaatwildreservaat hulle korporatiewe maatskaplike beleggingsprogram in hulle plaaslike omgewing tot stand gebring het. (2 x 2) (4)

SEPT 2018 EC  
VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande beelde en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 8.1 Identifiseer die volhoubare toerisme-pilaar genommer **A**. (2)
- 8.2 Gee TWEE voorbeelde van goeie omgewingspraktyke wat die bestuur van Maropeng kan implementeer om te verseker dat hulle by hulle omgewingsbestuurstrategie hou. (2 x 2) (4)
- 8.3 Verduidelik hoe Maropeng se plaaslike verkryging aankopestrategie 'n positiewe ekonomiese impak vir die plaaslike gemeenskap kan hê. (2)
- 8.4 Stel TWEE aanlyn-bemarkingsplatforms wat die bestuur van Maropeng van gebruik kan maak voor wat omgewingsbewuste besoekers na die Wêrelderfenisterrein kan lok. (2 x 2) (4)
- 8.5 Stel TWEE voorbeelde van verantwoordelike toeristegedrag voor, buiten dié wat in die teks gelys is, wat die bestuur van Maropeng in hulle gedragskode vir verantwoordelike toerisme kan insluit. (2 x 2) (4)

**SEPT 2019 EC  
VRAAG 8**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**UNIEKE HANDGEMAakte PRODUKTE VAN HERWINBARE  
TEESAKKIES AS KUNSWERKE – ORIGINAL TEABAG DESIGNS**

Vir 'n groep voorheen benadeelde mense in Houtbaai naby Kaapstad, Suid-Afrika, het een koppie tee die gemeenskap met opwinding, finansiële sekuriteit en hoop gevul.

**ORIGINAL  
T BAG  
DESIGNS**

Original Teabag Designs is as 'n handwerk- en werkskeppingsprojek begin. Vandag is die projek 'n uitstekende voorbeeld van afval-vermindering, werkskepping en sosiale opheffing deur vaardigheidsontwikkeling en ondersteuning van lewensvaardigheidsdighede.

Original Teabag Designs bied 'n reeks hoë kwaliteit, eksklusiewe handgemaakte produkte deur gebruik te maak van gebruikte teesakkies wat gedroog, leeggemaak, gestryk en deur plaaslike kunstenaars geveerf word. Die kunstenaars ontvang betaling vir elke voltooide teesakkie. Hierdie voltooide produkte word dan aan houtskinkborde, plekmatjies, lapiteme, muurbehangsels en vele ander vasgemaak.

Kaapstad Sightseeing se opspring-afklim toerbuse (hop-on hop-off) stop gereeld by Original Teabag Designs se besigheidspersoneel by Kronendal. Produkte is ook beskikbaar by 'n stalletjie in die Handwerkmark by die V&A Waterfront.



[Verwerk uit [www.tbagdesigns.co.za](http://www.tbagdesigns.co.za) en [resource.capetown.gov.za](http://resource.capetown.gov.za)]

8.1 Original Teabag Designs kan as 'n besigheid beskou word wat verantwoordelike en volhoubare toerisme beoefen.

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie stelling bespreek. Gee aandag aan die volgende in jou paragraaf:

- Identifiseer die drie pilare van volhoubare toerisme (3 x 1) (3)
- Koppel elkeen van die drie pilare van volhoubare toerisme aan 'n voorbeeld uit die teks om te toon (wys) hoe Original Teabag Designs elkeen van die drie pilare beoefen. (3 x 2) (6)

**LET WEL:** In jou paragraaf moet jy toon aan watter van die drie pilare elkeen van die voorbeelde gekoppel word.

- 8.2 Verduidelik hoe die plaaslike gemeenskap baat kan vind as Original Teabag Designs 'n plaaslike verkrygingstrategie in hul besigheid implementeer. (2 x 2) (4)
- 8.3 Stel TWEE strategieë voor wat Original Teabag Designs kan implementeer om omgewingsbewuste toeriste na hulle verkoopsunte (winkels) by Kronendal en die V&A Waterfront te lok. (2 x 2) (4)